# BirdLife Northern Gauteng Gauteng-Noord

## Club Programme: JUNE 2018 to SEPTEMBER 2018

✱ **Please note** that this programme is available on the BLNG website.

## Klubprogram: JUNIE 2018 tot SEPTEMBER 2018

✱ **Neem asb kennis** dat hierdie program op die BLNG webblad beskikbaar is.




### Highlights include:

- **June (14-17) : Eshowe (KZN)**
- **August (09-12) : Bergpan <Blouberg> (Limpopo)**
- **September (21Sep-01Oct) : Botswana & Caprivi**

| June Junie | 2018 | to tot | September September | 2018 |
|---|---|---|---|---|

| ☼ **Day Outings / *Daguitstappies*** | | Pg |
|---|---|---|
| Sat 02 Jun | Buffelsdrif | **3** |
| Sat 09 Jun | Rustenburg : Robenga Sunflower fields and Rockwall Dam | **3** |
| Sat 16 Jun | Faerie Glen (**Young Birders**) | **5** |
| Wed 20 Jun | Wonderboom NR | **6** |
| Sun 24 Jun | Devon | **6** |
| Sat 07 Jul | Voortrekkersmonument | **7** |
| Wed 18 Jul | Walter Sisulu Botaniese Tuine | **9** |
| Sun 22 Jul | Heilbron | **10** |
| Sat 28 Jul | Borakalalo | **10** |
| Sat 04 Aug | Pretoria Botaniese Tuine | **11** |
| Sat 18 Aug | Buffelsdrif Hiking Trails | **13** |
| Son 26 Aug | Magaliesberg | **13** |
| Wed 29 Aug | Vlaklaagte | **14** |
| Sat 01 Sep | Strubendam & Faerie Glen NR | **14** |
| Sun 16 Sep | Vaalkop Dam NR with boat trip extension | **15** |
| Wed 19 Sep | Marievale | **16** |
| Sat 22 Sep | Rooiwal | **17** |
| Sat 29 Sep | Colbyn Valley : **Family Outing** | **18** |
| ☾ **Evening Meetings / *Aandbyeenkomste*** | | |
| **Tue 12 Jun at 19h00** Black Eagles of Walter Sisulu National Botanical Garden by Ernest Porter | | **4** |
| **Tue 10 Jul at 19h00** The success story of the White-winged Flufftail by Dr. Hanneline Smit-Robinson | | **8** |
| **Tue 14 Aug at 19h00** Naamgewing in Afrikaans/Engels deur Morné de la Rey | | **12** |
| **Tue 11 Sep at 19h00** 'An Atlantic Island Odyssey' by Lea Steen | | **15** |
| ✱ **Special Events / *Spesiale Geleenthede*** | | |
| Sat 30 Jun | SABAP2 & Birdlasser training by Henk Nel | **7** |
| Sat 14 Jul | Bird ID Course by Geoff Lockwood | **8** |
| Sep 08&09 | The African Bird Fair | **15** |
| ***Weekend Camps / Naweekkampe*** | | |
| Jun 14–17 | Eshowe Camp | **4** |
| Aug 09-12 | Bergpan <Blouberg> | **11** |
| Sep 21–Oct 01 | Botswana & Caprivi | **16** |
| **REQUEST** | **PLEASE PROVIDE BLNG WITH YOUR CAMP IDEAS & SUGGESTIONS** | **19** |
| ❍ **Bird ringing / *Voëlberinging*** | | |
| Sat 02 Jun | Buffelsdrif | **3** |
| Sat 07 Jul | Voortrekkersmonument | **8** |
| Sat 04 Aug | Pretoria Botaniese Tuin | **11** |
| Sat 01 Sep | Strubendam | **15** |



Dear fellow BLNG birders,

For the upcoming winter months, a fully packed program has been put together to warm your bodies and hearts! As only BLNG can do it, exciting events are planned for the next four months. Diarise, Diarise, Diarise!

We are looking forward to BLNG camps at Eshowe (June), Bergpan/Blouberg (August) and the BIG ONE, BOTSWANA and CAPRIVI (September). **Please note of BLNG's request on pg. 19.**

A course is planned with Mr. BirdLasser himself, ie Henk Nel. He is going to give training in the use of the very popular BirdLasser app, with the emphasis, and focus on the Southern Africa Bird Atlas Project (SABAP2). Not to be missed! Furthermore, we have secured Geoff Lockwood to present a Bird ID course with particular mention of Cisticolas. Be sure to diarise this event which is surely going to be fully booked by the time the event is advertised.

Our evening meetings will be enhanced by invited speakers with very interesting topics! All the details are contained in this program. **The Verreaux's Eagle seems to be the highlight of this quarter! Also see relevant BLNG outings.**

BLNG wishes to welcome all new members who has recently joined. We are looking forward to the young birders outing in June and meeting all new members at a special event in September 2018.

Personally I would like to thank everybody for their positive support and contributions to all the programmes the past year.

Voëlkykgroete / Birding regards

Sheleph Burger
082 925 4005 / 012 996 0753
sheleph@blng.co.za

**Front cover:**
**Cape Rockjumper / Kaapse Berglyster**
**© Sheleph Burger.**
**Photographed at Rooi Els (March 2018)**

# JUNE / JUNIE

| ☼ Sat 02 Jun – Buffelsdrif |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Marna Buys |
| ✉ anramb@gmail.com |
| **SABAP2 Pentad(s):** 2535_2825 |

Interesting mix of thornveld and agriculturally disturbed habitat that always delivers something interesting. You will also have the opportunity to join the ringers at the same site.
**Directions**: From the N1 take the R513 Sefako Makgatho Drive off-ramp (old Zambesi) to Cullinan. After 1km turn left on the R573 to KwaMhlanga (Moloto Rd). After approx. 7km turn left to Buffelsdrif (just after passing the Spar on your right). After 6km of dirt road (going through the main gate on your way) turn right at Bosbok Street. At the T-junction, ±500m further on turn left, then look for the sign "Shongololo" and turn right. Meet at Rob's house.

*Interessante vermenging van doringveld en versteurde landbouhabitat wat altyd iets interessants oplewer. Jy sal ook die geleentheid kry om by die ringers aan te sluit in dieselfde omgewing.*
***Aanwysings:*** *Vanaf die N1, neem die R513 Sefako Makgatho-afrit (ou Zambesi) en ry in die rigting van Cullinan. Na 1km, draai links op die R573 na KwaMhlanga (Molotopad). Na ongeveer 7km (net na die Spar) draai links na Buffelsdrif. Ry 6km op die grondpad (ry deur die hoofhek oppad) en draai regs by Bosbokstraat, in die laagte. Draai links by die T-aansluiting ongeveer 500m verder aan. Kyk dan uit vir die bordjie: "Shongololo". Draai hier regs. Ons ontmoet mekaar by Rob se huis.*

| ❍ Sat 02 Jun –Bird Ringing at Buffelsdrif |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** To be confirmed at RSVP |
| **Leader / Leier:** Chris du Plooy |
| ☎ 079 495 4632 |
| Join the ringers for a morning of extreme close up birding without binoculars. Bring your chair, hat, refreshments and birding books along. Please book your place before Friday 12h00 by SMS, so that the leader can notify you if the outing needs to be cancelled. Ringing sessions could be cancelled due to a sudden change in weather like rain or strong wind. **The handling of nets and birds may only be done by a qualified ringer.** <br><br> *Sluit aan by die ringers vir 'n oggend se leersame pret. Kom kyk hoe lyk die voëltjies van naby sonder 'n verkyker. Bring 'n stoel, hoed, voëlboeke en verversings saam. Bespreek asb. voor Vrydagmiddag 12h00 per SMS sodat die leier jou in kennis kan stel as die uitstappie dalk gekanselleer word. Dit gebeur soms dat die ringsessie afgestel moet word a.g.v. skielike weersveranderinge soos reën of sterk wind.* ***Die hantering van nette en voëls mag slegs deur 'n gekwalifiseerde ringer gedoen word.*** |

| ☼ Sat 09 Jun : Rustenburg: Robenga Sunflower Fields & Rockwall Dam |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 06h30 for 7h00 |
| **Leader / Leier:** Shaun McGillewie **(BirdLife Rustenburg)** |
| **Co-ordinator / Koördineerder:** **TO BE ANNOUNCED** |
| ☎ 083 702 1462 |
| ✉ shaunmcgillewie@gmail.com |

Special outing with BirdLife Rustenburg.
**Arrangements & details are as follow –**
**<u>Meet at the Total Garage at Boshoek</u>**




We meet at the Total Garage at Boshoek (more parking is available). Thereafter, we will depart for Robega Sunflower Fields where we will have to drive slowly through a village as there are many unmarked speed bumps, hopefully we get there by 7h30, to find the Yellow-Throated Sandgrouse. These birds fly in to the fields at approx. 7h45 – 9h00. Once in the fields, they are difficult to find as the grass is long, we can however walk in to look for them once we have seen where they go down. Other birds seen in the area are Chestnut-backed Sparrow–Larks and Pale Chanting Goshawk etc. We should finish at the Sunflower Fields at approx. 9h30, and then depart for Rockwall dam & should get there at approx. 10h00. Rockwall is looking great at the moment. **Telescopes are advisable** for those that have. Recently the following specials were seen: ie Pink-backed Pelican, Caspian Terns, Fish Eagle, Yellow-billed Storks, Great-crested Grebe, Brown-throated Martins, Hottentot Teal, Cape Shoveler, Magpie Shrike, White–fronted Bee-eater and lots more. We should be finished at Rockwall Dam at

approx. 13h00. Birders can then proceed on their own to Kgaswane or leave for home. Those that want to go to Kgaswane should arrive there at approx. 13h45. Birds which can be seen there, are Jackal Buzzard, Verreaux's Eagle, Long–billed Pipit, Lazy Cisticola, Striped Pipit and at the camping area, White –throated Robin Chat, Mocking Cliff Chat, Grey-backed Camaroptera, Golden–tailed Woodpecker and more. Shaun might not be able to join the group at Kgaswane, but Birders will definitely manage on their own there, safe & easy to drive around. Costs to enter Kgaswane are R20 per vehicle, R40pp. & R20 per pensioner. There are no costs involved for Robega & Rockwall Dam. Bakkies, or high clearance vehicles are suggested for Robega & Rockwall Dam.

**Booking at** reservations@blng.co.za

*'n Spesiale uitstappie met BirdLife Rustenburg. Ons ontmoet by die Total Garage by Boshoek; meer parkering is beskikbaar. Daarna sal ons vertrek na Robega Sonneblomlande waar ons stadig sal moet ry deur 'n dorpie aangesien daar baie ongemerkte spoedhobbels is. Hopelik sal ons daar wees teen 7h30, om die Kelkiewyn te sien. Hierdie voëls vlieg teen ongeveer 7h45 – 9h00 na die lande. As hulle eers in die lande is, is hulle moeilik om te vind aangesien die gras lank is. Ons kan egter loop en na hulle soek wanneer ons gesien het waar hulle gaan sit het. Ander voëls wat in die gebied gesien word is Rooiruglewerik, Bleeksingvalk, ens. Ons sal klaar wees by die Sonneblomlande teen ongeveer 9h30 vm en dan vertrek na Rockwall Dam en behoort daar te wees teen ongeveer 10h00. Rockwall lyk pragtig op die oomblik. **Teleskope word aanbeveel** vir diegene wat het. Onlangse spesies wat gesien was; Kleinpelikaan, Reusesterretjies, Visarend, Geelbekooievaars, Kuifkopdobbertjie, Afrikaanse oewerswaels, Gevlekte eend, Kaapse slopeend, Langstertlaksman, Rooikeelbyvreter en vele meer. Ons behoort klaar te wees by Rockwall teen ongeveer 13h00. Voëlkykers kan dan op hulle eie voortgaan na Kgaswane of huistoe gaan. Diegene wat na Kgaswane wil gaan moet daar aankom teen ongeveer 13h45. Voëls wat daar gesien kan word is Rooiborsjakkalsvoël, **Witkruisarend**, Nicholsonse koester, Luitinktinkie, Gestreepte koester en by die kampplek Witkeeljanfrederik, Dassievoël, Grysrugkwêkwêvoël, Goudstertspeg en meer. Shaun mag dalk nie saam na Kgaswane kan gaan nie, maar voëlkykers sal defnitief op hulle eie kan regkom, veilig en maklik om rond te ry. Koste daar is R20 per voertuig, R40pp en R20 per pensioenaris. Daar is geen koste vir Robega & Rockwall Dam nie. Bakkies of hoë voertuie met 'n goeie grondvryhoogte word aanbeveel vir Robega & Rockwall Dam.*

***Besprekings**: reservations@blng.co.za*

**☾ Tue 12 Jun - EVENING MEETING**
**19h00 at Greek Orthodox Church, c/o Roper St. & Lynnwood Road, Brooklyn**

**Black Eagles of Walter Sisulu National Botanical Garden by Ernest Porter**


Ernest Porter will be presenting a wonderful photographic journey which will take us through the breeding cycle of the iconic Black Eagles of Walter Sisulu Botanical Garden. He shares some of his best photos and videos he captured since 2013. Photo's shared include their hunting, mating, bathing and nest building skills as well as photo's of the chick, fledgling and juvenile eagles and more!



***Witkruisarende van die Walter Sisulu Nasionale Botaniese Tuin deur Ernst Porter***

*Ernest Porter gaan vir ons 'n wonderlike fotografiese reis aanbied wat ons deur die broeisiklus van die ikoniese Witkruisarende van die Walter Sisulu Botaniese Tuin sal neem. Hy deel van sy beste fotos en videos wat hy sedert 2013 geneem het met ons. Die fotos sluit in hulle jag-, parings-, bad- en nesbouvaardighede. sowel as fotos van die kuikens, jong voëls en jeugdige arende en nog meer!*

| **SPECIAL EVENT: 14 – 17 Jun**<br>**Eshowe and surroundings**<br>**4x4 is recommended** |
|---|
| **Leader / Leier:** **TO BE CONFIRMED** |
| **Guide: Sakamuzi Mhlongo** |
| ☎ 082 456 5241 |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| Eshowe & Dlinza Guesthouses<br>3 Oftebro St, Eshowe, KwaZulu-Natal<br>**GPS Co-Ordinates:**<br>**S 28° 53' 27,4" and E 31° 27' 12,5"** |




**Bookings are limited to fourteen.**
***Besprekings is beperk tot veertien persone.***

Eshowe is centrally positioned in an area surrounded by scarp forest and linked to other neighbouring forests by pockets of indigenous bush and grassland, which make it an excellent base for birding the Zululand forests. The roads to some of the forest are not well maintained. They are mostly dirt roads with steep inclines that call for some extra help and high clearance. A 4x4 vehicle is recommended for this outing!

Lots of specials can be found in and around Eshowe during June from the Green Barbet (found only at Ongoye Forest outside Mtunzini), the globally-threatened Spotted Ground-Thrush in Dlinza Forest, Eastern Bronze-naped Pigeons, Crowned Eagles, Green Twinspots, the little known Mangrove Kingfisher (at Umlalazi Nature Reserve) to the magnificent Palm-nut Vultures of Mtunzini. A local guide, Sakamuzi Mhlongo, will take us to many of the destinations to help find these specials as well as the Brown Scrub-Robin, Forest Buzzard, Black-throated Wattle-Eye, Forest Canary, White-starred Robin, Narina Trogon, Knysna Turaco, African Finfoot and Orange Ground Thrush.

**Accommodation** will be at Eshowe & Dlinza Guesthouses (at the entrance of the Dlinza forest) at **R1 650**pp sharing for the 3 nights. All self-catering. The fee includes Sakamuzi's fee.
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Eshowe is sentraal geleë in 'n gebied wat omring word deur eskarpwoud en verbind is met ander nabygelee woude deur plekke van inheemse bos en grasveld, wat dit 'n uitstekende basis maak vir voëlkyk in Zoeloeland. Die paaie na sommige dele van die woud is nie goed onderhou nie. Dit is meesal grondpaaie met steiltes wat ekstra krag en 'n hoë grondvryhoogte vereis. 'n 4x4 word aanbeveel vir hierdie uitstappie!*
*In die wintermaande is daar baie spesiale voëls te vind in en om Eshowe. Van die Groenhoutkapper wat net in die Ongoye-woud buite Mtunzini voorkom tot die wêreldbedreigde Natallyster in die Dlinza-woud. Ons kan ook die Withalsbosduif, Kroonarend, Groenkolpensie en die minder bekende Manglietvisvanger by Umlalazi Natuurreservaat sien, asook die Witaasvoël by Mtunzini. 'n Plaaslike gids, Sakamuzi Mhlongo, sal ons na al die plekke neem om te gaan soek na hierdie spesiale voëls. Ook spesies soos Bruinwipstert, Bosjakkalsvoël, Beloogbosbontrokkie, Gestreepte Kanarie, Witkoljanfrederik, Bosloerie, Knysnaloerie, Watertrapper en Oranjelyster kan daar gevind word.*

***Verblyf** is by Eshowe & Dlinza Gastehuise (by die ingang van die Dlinza woud) teen **R1 650**pp wat deel vir die 3 nagte. Alles is selfsorg. Die prys sluit Sakamuzi se fooie in.*
***Besprekings**: reservations@blng.co.za*

| ☼ Sat 16 Jun – Faerie Glen NR<br>YOUNG BIRDERS on YOUTH DAY |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Keanu Canto incl. some BLNG committee members |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad:** 2545–2815 |

We will join the Friends of Faerie Glen NR on a morning walk. Read more about them at www.fgnr.co.za A tea basket with something to eat and a chair is a good idea. An entrance free of R11 is payable. There are toilet facilities at the gate. The reserve is well-known for good summer and winter birding with several interesting species regularly present. Black Duck, Red-throated Wryneck and Brown-backed Honeybird have been seen before.
**Directions**: From the N1/N4 interchange, travel south on the N1 towards Atterbury road. Take the M11 Atterbury road off ramp and turn left. Continue past the Menlyn Shopping centre and turn left into January Masilela Drive (old Genl Louis Botha). Drive approx 1 km – reserve is sign posted on the right hand side.
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Ons gaan die Vriende van Faerie Glen NR vergesel op 'n heerlike oggend uitstappie* – lees meer oor hulle bedrywighede by www.fgnr.co.za
*'n Piekniekmandjie met iets om te eet en 'n stoel sal 'n goeie idee wees. Toegang van R11 is betaalbaar en daar is toiletfasiliteite by die ingang. Die natuurreservaat is bekend vir sy winter- en*

*somervoëls wat gereeld gesien word bv Swarteend, Draaihals en Skerpbekheuningvoël.*
***Aanwysings**: Vanaf die N1/N4 wisselaar, ry suid op die N1. Neem die M11 Atterbury-afrit en draai links in Atterburyweg. Ry verby die Menlyn-winkelsentrum en draai links in January Masilela-rylaan (ou Genl Louis Botha) – 1km verder is die reservaat se bordjie op regterhand.*

| ☼ Wed 20 Jun – Wonderboom NR |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Pieter Saunders |
| ☎ 083 339 6773 / 083 207 3164 |
| ✉ natasja.alument@gmail.com |
| http://www.blackeagleswb.com/ |
| **SABAP2 Pentad:** 2540_2810 |

Come and see Pretoria's very own **Verreaux's Eagle** pair in the heart of our suburbs. The mountainous Wonderboom NR that is situated on the banks of the Apies river offers birders a host of bushveld and rockloving species including 14 endemics. The key species that we will be looking for the **resident breeding pair** of **Verreaux's Eagle.** The breeding calendar indictates that the first chick will hatch around 2 June 2018. With some good fortune, the chick might be seen on the nest!. On the day, some informative background will be shared.about the **Verreaux's Eagles** and their breeding habits etc. What an opportunity for BLNG!
Other species include Striped Pipit, Peregrine Falcon, Ayer's Hawk- Eagle, African Green Pigeon, Cape Rock-Thrush, Streaky-headed Seed-eater and several other bushveld birds and Raptors that soar overhead. Variable fitness levels can be accommodated.
**Directions**: From Fountains Circle, take Christina De Wit Ave/M18, Pretoria Main Rd and Es'kia Mphahlele Dr/M1 to Reigers Ave in Roseville. Drive to and meet at **1450 Merwede St in Mountain View.**
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Kom kyk na Pretoria se eie paar **Witkruisarende** in die hart van ons voorstede.*
*Die bergagtige Wonderboom Natuurreservaat, geleë op die walle van die Apiesrivier bied voëlkykers 'n groot aantal bosveld en rotsliewende spesies insluitend 14 endemiese soorte. Die belangrikste spesies waarvoor ons gaan uitkyk is die **broeipaar Witkruisarende.** Volgens die kalender, behoort die eerste kuikeneier op 2 Junie 2018 uit te broei, so met bietjie geluk kan julle dalk die kleinding op die nes sien. Op die dag van die uitstappie, sal daar 'n informatiewe praatjie wees oor die **Witkruisarende**. Wat 'n geleentheid vir BLNG! Ander spesies sluit in die volgende, nl. Gestreepte koester, Swerfvalk, Kleinjagarend, Papegaaiduif, Kaapse kliplyster, Streepkopkanarie en verskeie ander bosveldvoëls en roofvoëls wat oorvlieg. Verskeie fiksheidsvlakke kan geakkomodeer word.*
***Aanwysings:** Vanaf Fonteinesirkel, neem Christina De Wit Ave/M18, Pretoria Main Rd en Es'kia Mphahlele Dr/M1 na Reigers Ave in Roseville. **Ontmoet by Merwedestraat 1450, Mountain View.***
***Besprekings**: reservations@blng.co.za*

| ☼ Sun 24 Jun – Devon |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Toni Geddes |
| ☎ 072 636 5774 |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad(s):** 2535_2820 |

The town of Devon and it's network of dirt roads traversing local farmlands joined together to make one of Gautengs most crucial grassland IBA's, is synonymous with the term 'winter birding'. As temperatures plummet to below zero across most parts of the country, these grasslands become much more attractive to altitudinal migrants and in turn more much attractive to local birders who wish to enjoy these temporary holiday goers! Sickle-winged Chat, Swallow-tailed Bee-eater, Yellow-breasted Pipit and Wattled Crane are all local winter rarities which have turned up in the past among the many ploughed fields. Hundreds of Blue Cranes, Blue Korhaan, Pink-billed & Red-capped Lark, Black-necked Grebe, Orange River Francolin and Black Harrier are all possibilities as well.
Join us for a day birding Gauteng's winter wonderland!
**Directions**: Devon is approximately 100km south-east of Pretoria. We will meet on the off ramp off the N17 south on the R548 at the dam on the left as you take the off ramp off the N17.
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Die dorp Devon en sy netwerk van grondpaaie wat plaaslike plase deurkruis gesamentlik een van Gauteng se kritieke grasveld IBA's uitmaak, is sinoniem met die term 'wintervoëlkyk'. Wanneer temperature daal tot onder vriespunt in meeste dele van die land, word hierdie grasvelde baie meer aantreklik vir altitudinale trekvoëls en daarom baie meer aantreklik vir plaaslike voëlkykers wat hierdie tydelike vakansiegangers wil geniet! Vlaktespekvreter, Swaelstertbyvreter, Geelborskoester en Lelkraanvoël is almal plaaslike winter rariteite wat in die verlede op die baie geploegde lande verskyn het. Bloukraanvoëls, Bloukorhaan, Pienkbek- & Rooikoplewerik, Swartnekdobbertjie, Kalaharipatrys en Witkruisvleivalk is almal ook*

*moontlikhede. Sluit aan by ons vir 'n voëlkykdag in Gauteng se winterwonderland!*
***Aanwysings:** Devon is ongeveer 100km suid-oos vanaf Pretoria. **Ons ontmoet by die afrit.***
***Besprekings**: reservations@blng.co.za*

| |
|---|
| **Sat 30 Jun : <u>SPECIAL EVENT</u>**<br>**SABAP2 & BirdLasser**<br>**training by Mr BirdLasser himself, Henk Nel** |
| **Start at 09h00** <**FREE / GRATIS**> |
| **Venue/Vergaderplek:**<br>Reformed Church Brooklyn,<br>174 Duxbury Road, Hillcrest, Pretoria |
| **Contact person:** Rita de Meillon |
| ✉ reservations@blng.co.za |




https://www.birdlasser.com

BirdLife South Africa and BirdLasser is teaming up to host another BirdLasser training session, but this time round, the focus is on the Southern Africa Bird Atlas Project (SABAP2). The workshop is designed to suit users that are familiar with the BirdLasser app, and inexperienced users.
During the workshop Ernst Retief will explain the value of the SABAP2 data, the protocol, how to register and demo the website. Henk Nel will then, at the hand of an on-screen demonstration, show how the BirdLasser app is configured and used to assist the atlaser when atlasing. This will include identifying pentads on the app, recording and submitting of the data.
Seasonal BirdLasser users and atlasers are also invited to use the opportunity to indicate what they believe is necessary to make the app a better tool. Henk will listen to suggestions, answer questions and talk about what's feasible given the known challenges. This is an ideal opportunity to share your input and make this a true 'community' tool. Henk will also talk about some of the latest cool features, and give a sneak peak of what's coming soon.
The workshop will start at 09h00 and should be finished by 13h00. The first 90 minutes will be allocated to SABAP2 and the rest of the time on the BirdLasser app.
Please consider attending this workshop and become part of the atlasing community, it will be time well spent! The SABAP2 protocol is easy to follow and the BirdLasser app makes it easy to record and submit data.

*BirdLife South Africa en BirdLasser span saam om gasheer te wees vir 'n verdere BirdLasser opleidingsessie, maar hierdie keer is die fokus op die Suid-Afrikaanse Voëlatlas Projek (SABAP2). Die werkswinkel is ideaal vir gebruikers wat bekend is met die BirdLasser toep, asook vir diegene wat graag vertroud wil raak met die BirdLasser toep. Gedurende die werkswinkel sal Ernst Retief die waarde van die SABAP2 data, die protocol, en hoe om te registreer verduidelik, en die webtuiste demonstreer. Henk Nel sal dan aan die hand van 'n demonstrasie op skerm wys hoe die toep gekonfigureer is en gebruik word om die atlasser by te staan wanneer dit gebruik word. Dit sal insluit atlasblokke op die toep, en die indien van data. Seisoenale BirdLassergebruikers en atlassers word uitgenooi om hierdie spesiale geleentheid te gebruik om aan te dui wat hulle meen is nodig om die toep 'n beter hulpmiddel te maak. Henk sal luister na wenke, vrae beantwoord en praat oor wat moontlik is, die bekende uitdagings in ag geneem. Dit is 'n ideale geleentheid om jou bydrae te maak en dit 'n ware "gemeenskaps" hulpmiddel te maak. Henk sal ook praat oor sommige van die nuutste oulike eienskappe, en 'n toekomsblik sal gegee word na wat binnekort te wagte kan wees.*
*Die werkswinkel sal om 09h00 begin en behoort klaar te wees teen 13h00. Die eerste 90 minute sal gebruik word vir SABAP2 en die res van die tyd aan die BirdLasser toep.*
*Oorweeg dit asseblief om hierdie werkswinkel by te woon en deel te word van die atlasgemeenskap, dit is tyd goed gebruik!*
*Die SABAP2 protokol is maklik om te volg en die BirdLasser toep maak dit maklik om data vas te lê en in te dien.*

| **JULY / JULIE** |
|---|
| ☼ **Sat 07 Jul – Voortrekker Monument** |
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Keanu Canto |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad(s):** 2540_2810 |

Come and join us for a walk around the reserve which surrounds this historical site. The habitats include gardens, woodland and grassland. Possible species include Southern Boubou, Arrow-marked Babbler, White-throated Robin-Chat, Jamesons Firefinch, Long-billed Crombec and Yellow-fronted Canary and **Verreaux's Eagle**. In summer migrants like the European Bee-eater, Garden Warbler, Willow Warbler, Spotted Flycatcher, Black Cuckoo-Shrike, Black Cuckoo, Redbreasted Cuckoo and Klaas's Cuckoo are

present. You will also have the opportunity to join the ringers at the same site. The entrance fees are R80 per adult, R40 for children and pensioners. Bring along water, chairs and refreshments.
**Directions**: At the Fountains Circle, take the exit to Proclamation Hill and Centurion. Keep to the right lane. At the robot turn right onto Eeufees Rd/M7. At the second robot turn right towards the entrance of the Voortrekker Monument.
**We meet at the entrance.**
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Kom saam met ons op 'n uitstappie in die natuurbewaringsgebied wat hierdie historiese gebied omring. Die habitat sluit tuine, bosveld en grasveld in. Spesies sluit in die Suidelike Waterfiskaal, Pylvlekkatlagter, Witkeel-janfrederik, Bosveldtjeriktik, Jamesonse Vuurvinkie, Bosveldstompstert en Geeloogkanarie asook die* ***Witkruisarend****. In die somer kom trekvoëls soos die Europese Byevreter, Tuinsanger, Hofsanger, Europese Vlieëvanger, Swart Katakoeroe, Swart Koekoek, Piet-my-vrou en Meitjie voor. Jy sal ook die geleentheid kry om by die ringers 'n draai te maak.*
*Toegang is R80 vir volwassenes, R40 vir kinders en pensioenarisse. Bring saam water, stoele en verversings.*
***Aanwysings****: By die Fonteinesirkel, neem die uitgang na Proklamasie Heuwel en Centurion. Hou in die heel regterkantste baan. By die verkeerslig draai regs in Eeufeesweg/M7. Ry reguit tot by die 2de verkeerslig, draai regs na die ingang van die Voortrekker Monument.*
***Ons ontmoet by die ingang.***

| ❍ **Sat 07 Jul** <br> **Bird Ringing at Voortrekker Monument** |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** To be confirmed at RSVP |
| **Leader / Leier:** Elba Swart |
| ☎ 082 774 2353 |
| Join the ringers for a morning of extreme close up birding without binoculars. Bring your chair, hat, refreshments and birding books along. Please book your place before Friday 12h00 by SMS, so that the leader can notify you if the outing needs to be cancelled. Ringing sessions could be cancelled due to a sudden change in weather like rain or strong wind. **The handling of nets and birds may only be done by a qualified ringer.** <br><br> *Sluit aan by die ringers vir 'n oggend se leersame pret. Kom kyk hoe lyk die voëltjies van naby sonder 'n verkyker. Bring 'n stoel, hoed, voëlboeke en verversings saam. Bespreek asb. voor Vrydagmiddag 12h00 jou plek per SMS sodat die leier jou in kennis kan stel as die uitstappie dalk gekanselleer word.* <br><br> *Dit gebeur soms dat die ringsessie afgestel moet word a.g.v. skielike weersveranderinge soos reën of sterk wind.* ***Die hantering van nette en voëls mag slegs deur 'n gekwalifiseerde ringer gedoen word.*** |

☾ **Tue 10 Jul – EVENING MEETING**
**19h00 at Greek Orthodox Church, c/o Roper St. & Lynnwood Road, Brooklyn**

**The success story of the White-winged Flufftail by Hanneline Smit-Robinson**
The White-winged flufftail is one of the world's most threatened and rarest birds. There is a race against time to ensure that it does not become the first African bird to go extinct.



Dr Hanneline Smit-Robinson will be sharing facts about the implementation of the White-winged Flufftail action plan and the development of an innovative method to survey this shy and elusive species through collaborative team efforts.

***Die goeie nuus storie van die Witvlerkvleikuiken deur Hanneline Smit-Robinson***
*Die Witvlerkvleikuiken is een van die wêreld se mees bedreigde en skaarste voëls. Daar is 'n resies teen tyd om te verseker dat hulle nie die eerste Afrika voël word wat uitsterf nie.*
*Dr Hanneline Smit-Robinson sal feite met ons deel oor die sukses storie van die Witvlerkvleikuiken, die implementering van die aksieplan om die voël te red en die ontwikkeling van 'n innoverende metode, deur verskeie rolspelers, om die sku en ontwykende spesie waar te neem.*

| **Sat 14 Jul : <u>SPECIAL EVENT</u>** <br> **Bird ID course by Geoff Lockwood** |
|---|
| **Venue/Vergaderplek:** <br> **Nederduitsch Hervormde Kerk, Philadelphia** <br> **Dutch Reformed Church Philadelphia** <br> **127 Lunnon road, Hillcrest, Pretoria** |
| **Start : A 1x day course (Full details will be communicated by means of a BLNG Alert)** <br> **Cost/Koste: R250 per person** |
| **Contact person:** Rita de Meillon |
| ✉ reservations@blng.co.za |




**Starting out right – Learning how to observe birds and to record all the information that may help you make a correct identification.**
Southern Africa is blessed with nearly one tenth of all the world's bird species and, while some are distinctive and easily identified, many pose a serious challenge to the novice birder. This course will look at the physical appearance of a bird – its' size; bill-shape and colour; legs and feet, and plumage details etc., as well as looking at the importance of behavior - feeding (diet and foraging behavior), social behaviour (solitary or gregarious); habitat; calls and displays; nesting behaviour (size, shape and placement of the nest, and also the time of year) in confirming the identity of the bird you are looking at.
The course will guide and encourage you to really study the bird while it is still in front of you and , as a result, you should find yourself getting so much more pleasure and enjoyment from this amazing hobby. You should also find that you are even making progress with those dreaded LBJ's!
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Begin reg – Leer om voëls waar te neem en al die inligting te noteer wat sal help met die korrekte identifikasie.*
*Suidelike Afrika is geseënd met amper een tiende van die wêreld se voëlspesies, en waar sommige kenmerkend is en maklik geïdentifiseer kan word, bied ander 'n ernstige uitdaging vir die nuweling voëlkyker. Hierdie kursus sal kyk na die fisiese voorkoms van 'n voël – sy grootte, snawelvorm en kleur; bene en voete, detail van sy vere ens., sowel as die belangrikheid van gedrag, - voeding (dieet en kossoekgedrag), sosiale gedrag (alleen of in swerms.); habitat; roepe en pronkvertonings; nesmaakgewoontes (grootte, vorm, plasing van die nes asook die tyd van die jaar) om te bevestig wat die identiteit van die voël is waarna jy kyk. Die kursus sal jou lei en aanmoedig om die voël regtig te bestudeer terwyl dit nog voor jou is en gevolglik sal jy soveel meer plesier en genot uit hierdie wonderlike stokperdjie kry. Jy sal selfs vind dat jy vordering maak met daardie gevreesde LBJ's!*
***Besprekings**: reservations@blng.co.za*

| |
|---|
| **☼ Wed 18 Jul**<br>**Walter Sisulu National Botanical Garden**<br>**GPS coordinates**<br>**27°50'40.7E; 26°05'13.8S** |
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leaders / Leiers:**<br>Grant Eagan & Elouise Kalmer |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad:** 2605-2750 |

Situated between Muldersdrift and Krugersdorp, the garden is one of Gauteng's premier birding sites. The main draw-card is a resident breeding pair of **Verreaux's Eagles** which nest annually next to the spectacular Witpoortjie Waterfall. Other specials are African Black Duck, Cape Rock Thrush, Black Cuckooshrike, African Olive-Pigeon, Half-collared Kingfisher, Brown-backed Honeybird, Streaky-headed Seedeater and in winter the Fairy Flycatcher.
**Entrance fees:**
Per adult (R45) and senior citizens (R30).
**Directions:** Take the N14 to Krugersdorp. At the traffic lights at the end of the freeway turn left onto the R47 to Roodepoort. After 3.5km turn right into Handicap Street. Turn right into Malcolm Street after 1.5km and proceed to the gardens in Beacon Street.
**Meet in the car park**.
**Booking at** reservations@blng.co.za

*Hierdie Botaniese Tuin is een van Gauteng se vernaamste voëlkykplekke en is tussen Muldersdrift en Krugersdorp geleë. Die trekpleister is 'n broeipaar **Witkruisarende** wat jaarliks net langs die asemrowende Witpoortjie-waterval broei. Spesiale spesies is die Swarteend, Kaapse Kliplyster, Swartkatakoeroe, Geelbekbosduif, Blouvisvanger, Skerpbekheuningvoël, Streepkopkanarie en in die winter die Feëvlieëvanger en nog vele meer.*
***Toegangsfooie:***
*Volwassenes (R45) en pensioenarisse (R30).*
***Aanwysings:** Neem die N14 na Krugersdorp. By die verkeersligte by die einde van die snelweg draai links op die R47 na Roodepoort en na 3.5km draai regs in Handicapstraat. Na 1.5km draai regs in Malcolmstraat wat jou tot by die ingang in Beaconstraat neem.*
***Ontmoet in die parkerterrein.***

| ☼ Sun 22 Jul – Heilbron (wider Gauteng) |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 06h00<br>at the Grasmere toll gate on the N1 south |
| **Leader / Leier:** John Kinghorn |
| ☎ 083 517 5471 |
| ✉ jdbirding@gmail.com |
| **SABAP2 Pentad:** 2700_2755 |

Heilbron has, over recent years, become well known for turning up weird and wonderful species that one would typically associate with the more arid Karoo biome. What makes this even more special is that it still falls (just) within the Wider Gauteng 100km challenge area which means the likes of Karoo Scrub-Robin, Burchells and Double-banded Coursers and Orange River White-eye are all possibilities with the chances of something else obscure turning up being relatively high. Join John as he birds the limits of the 100km challenge radius in the peak of winter with the sole aim being to find something 'juicy'!
**The meeting point will be the Grasmere toll gate on the N1 south.**
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Heilbron het oor die afgelope jare bekend geword vir die uitsonderlike spesies wat daar opgeduik het, wat 'n mens tipies met die droë Karoobioom sal assosieer. Wat dit nog meer spesiaal maak is dat dit nog steeds (net-net)) val binne die wyer Gauteng 100km uitdaag area maak, wat beteken dat iets soos die Slanverklikker, Bloukop- en Dubbelbanddrawwertjies en Gariepglasogie almal moontlikhede is, met die kanse dat iets anders obskuur kan opduik, relatief hoog is. Sluit aan by John as hy voëlkyk binne die grense van die 100km uitdaag radius in die middel van die winter met die uitsluitlike doel om iets spesiaals te vind.*
***Ontmoet by die Grasmere tolhek op die N1 suid.***
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

| ☼ Sat 28 Jul – Borakalalo |
|---|
| **Meet / Ontmoet**: 7h00 |
| **Leader / Leier**: Dawie Rotteveel |
| ☎ 071 361 0260 |
| ✉ dawie@rotteveel.co.za |
| **SABAP2 Pentad(s):**<br>Borakalalo: 2515_2725; 2520_2725 |

Borakalalo offers a large variety of bushveld birds and has yielded many interesting sightings over many years. Klipvoor Dam provides additional habitat for many waterbirds. Braai facilities available. An entrance fee (R50pp & R20 per car) is payable.

**Directions**: From the N1 north, turn left onto the N4 to Brits. Exit at the Brits turn-off. Turn right towards Brits on the R511. At the 4-way junction with the Rosslyn Road (R566), turn right towards Rosslyn. After approximately 5km turn left to Lethlabile. Drive straight for about 38km to a T-junction. Turn right to Jericho and after 1km left to Legonyane. Drive through Legonyane and follow the signs to Borakalalo (look out for turn-off to left about 8km from park). Total distance is about 120km (2hr 15min due to road conditions).
**Meet** in the parking area on the left hand side just inside the main gate.
**<u>Alternative Route</u>**:
Travel to Kgomo-Kgomo via the Zaagkuildrift road. Continue through the town of Kgomo-Kgomo in a western direction. At the t-junction turn left towards Moretele & Bolantlokwe, cross the Moretele River. At the town of Moretele take the Borakalalo signposted right turn. At the T-juntion turn right and continue straight to the Borakalalo gate.
Distance between Kgomo-Kgomo and Borakalalo is 40km (map: see page 119 of *Gauteng Birding*).
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Borakalalo huisves 'n groot verskeidenheid Bosveldvoëls en het baie interessante waarnemings oor die jare opgelewer. Klipvoordam bied addisionele habitat vir baie watervoëls. Braaifasiliteite beskikbaar. Toegangsfooie is betaalbaar.*
***Aanwysings***: *Vanaf die N1 noord, draai links op die N4 na Brits. Neem die Brits-afrit. Draai regs na Brits op die R511. By die 4-rigting kruising met die Rosslyn-pad (R566), draai regs na Rosslyn. Na ongeveer 5km draai links na Lethlabile. Ry reguit aan vir omtrent 38km tot by 'n T-aansluiting. Draai regs na Jericho en na 1km links na Legonyane. Ry deur Legonyane en volg die tekens na Borakalalo (kyk uit vir 'n afdraai aan die linkerkant omgeveer 8km van die park af). Die totale afstand is ongeveer 120km (2hr 15min weens padtoestande). 'n Toegangsfooi (R50pp & R20 per motor) is betaalbaar.*
***Ontmoet*** *in die parkeerarea aan die linkerkant net binne die hoofhek.*

***Alternatiewe Roete***:
*Ry na Kgomo-Kgomo via the Zaagkuildrift pad. Ry deur die dorp Kgomo-Kgomo tot by die volgende t-aansluiting. Draai hier links na Moretele & Bolantlokwe en gaan oor die Moreteleriver. By die dorp Moretele neem die Borakalalo afdraai na regs (2km) – daar is 'n aanwysingsbord. By die volgende t-aansluiting draai weer regs en ry tot by Borakalalo ingang. Die afstand tussen Kgomo-Kgomo and Borakalalo is 40km (kaart: bladsy 119 van Gauteng Birding).*
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

# AUGUST / AUGUSTUS

| ☼ Sat 04 Aug – Pretoria Botaniese Tuine |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 8h00 |
| **Leader / Leier:** Prof Willem Boshoff |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad(s):** 2550-2805 |

Founded in 1946, the Pretoria National Botanical Gardens comprises of 76 ha of natural woodland on a rocky, quartzite ridge as well as theme gardens and open park-like landscapes.
The gardens are well worth visiting for their botanical diversity alone, but from a birding perspective, the ridge dividing the gardens on an east-west axis is certainly the most interesting habitat.
**Entrance fees**: Adults (R35), Students (R20) and children under 6 are free, and senior citizens (with ID) (R15). Bring your own refreshments, a chair or blanket.
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Gestig in 1946 (net na die tweede wêreldoorlog) beslaan die Pretoriase Botaniese Tuin sowat 76 hektaar natuurlike woud, rotsagtige kwartsrif, parkagtige landskap en tema tuine. Die Botaniese Tuin is die moeite werd om te besoek, nie net oor hulle botaniese diversiteit nie, maar ook as 'n voëlkykplek by uitstek.*
***Toegangsfooi**: Volwassenes (R35), Studente (R20), en kinders onder 6 is gratis, en senior burgers (met ID) (R15). Bring jou eie verversings, 'n stoel of kombers.*
***Besprekings:*** reservations@blng.co.za


| ❍ Sat 04 Aug<br>Bird Ringing at Pretoria Botanical Gardens |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** To be confirmed at RSVP |
| **Leader / Leier:** Paula Steyn |
| ☎ 072 248 5386 |
| Join the ringers for a morning of extreme close up birding without binoculars. Bring your chair, hat, refreshments and birding books along. Please book your place before Friday 12h00 with the leader to find out meeting time and location details. Ringing sessions could be cancelled due to a sudden change in weather like rain or strong wind. **The handling of nets and birds may only be done by a qualified ringer.**<br><br>*Sluit aan by die ringers vir 'n oggend se leersame pret. Kom kyk hoe lyk die voëltjies van naby sonder 'n verkyker. Bring 'n stoel, hoed, voëlboeke en verversings saam. Bespreek asb voor Vrydagmiddag 12h00 jou plek per SMS sodat die leier jou in kennis kan stel van die begintyd en ontmoetingsplek. Ringsessies kan ook gekanselleer word as daar skielike weersveranderinge soos reën of sterk wind is. **Die hantering van nette en voëls mag slegs deur 'n gekwalifiseerde ringer gedoen word.*** |

| **SPECIAL EVENT: 09 - 12 Aug**<br>**Camping weekend at Bergpan <Blouberg> (4days, 3nights)** |
|---|
| **Leader / Leier: TO BE CONFIRMED** |
| ☎ 083 750 1200 |
| ✉ reservations@blng.co.za |

## Blouberg

Blouberg Nature Reserve can be accessed via a good tar road and is located 120km NW of Polokwane and approximately 380km from Pretoria.

**GPS Co-Ordinates**
S22'58'30.1'', E029'19'56.3"




Accommodation has been arranged at **Bergpan Eco Lodge** situated in a beautiful garden close to the Soutpansberg and the saltworks.
Kunemoya Nature Reserve : Blouberg
The reserve is situated in the arid bushveld of the Limpopo region with an annual rainfall of 400mm. The veld types vary a lot. From Mountain to river floodplain. Kalahari–sandveld in the north to sweet bushveld in the east and west. Unique features are the tamboti woodland, fig forest, baobabs and the Brak River floodplain. Many animals are found on the reserve including caracal, cheetah, and giraffe sable gemsbok to name a few. The bird list stands at 232 species including 800 pairs of vultures in the breeding colony. The vulture restaurant offers the possibility of seeing the vultures eating or bathing. If lucky we will see the ruppels vulture. Other birds include Melanistic Gabar Goshawk (around education centre) Temminck's courser, Double banded Sandgrouse, Martial Eagle, Ground

Hornbill, Terrestial Brownbul, Yellow- bellied Greenbul, Yellow-throated Petronia to name a few.
A 4x4 vehicle is required for accessing the southern part of the park- (for a visit to the vulture breeding colony). Unescorted walking is NOT allowed due to dangerous animals. Be aware of your surroundings. We will be birding outside the reserve as well.
**Costs to be communicated by means of BLNG alert.**
**Bookings at** reservations@blng.co.za

**Directions from Polokwane:** Take the R521 to Vivo (on the Alldays road). At Vivo crossroads turn left onto tar road (road on right goes to Makhado). After 9km's turn right onto tar road (garage on corner). Blouberg main gate will be a further 9km's on the left – **Go to Bergpan**.

*Akkommodasie is gereël by Bergpan Eco Lodge geleë in 'n pragtige tuin naby die Soutpansberg en die soutwerke.*
*Kunemoya Natuurreservaat : Blouberg*
*Die reservaat is geleë in die droë bosveld van die Limpopostreek met 'n jaarlikse reënval van 400mm. Die veldtipes varieer baie. Van berg tot riviervloedvlakte. Kalahari-sandveld in die noorde tot soet bosveld in die ooste en weste. Unieke eienskappe is die tambotie bosveld, wildevy woude, kremetartbome en Brakrivier vloedvlakte. Daar is baie diere in die reservaat wat insluit rooikat, jagluiperd, kameelperd, swartwitpens om maar 'n paar te noem. Die voëllys staan op 232 spesies insluitend 800 pare aasvoëls in die broeikolonie. Die aasvoëlrestaurant bied die geleentheid om te sien hoe die aasvoëls eet en bad. As ons gelukkig is kan ons die Rüppellse aasvoël sien. Ander voëls sluit in Melanistiese Kleinsingvalk (naby die opvoedkundige sentrum) Trekdrawwertjie, Dubbelbandsandpatrys, Breëkoparend, Bromvoël, Boskrapper, Geelborswillie, Geelvlekmossie om maar 'n paar te noem.*
*'n 4x4 Voertuig is nodig om die suidelike deel van die park te bereik. (vir 'n besoek aan die aasvoëlbroeikolonie) Onbegeleide stap word NIE toegelaat nie as gevolg van gevaarlike diere. Wees bewus van jou omgewing. Ons sal ook buite die reservaat voëlkyk.*
***Koste sal per BLNG Alert gekommunikeer word.***
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

***Aanwysings vanaf Polokwane****: Neem die R521 na Vivo (op die Alldayspad). By die Vivo kruispad draai links op die teerpad (pad na regs gaan na Makhado). Na 9km draai regs op teerpad (garage op die hoek). Blouberg se hoofhek is 'n verdere 9km aan die linkerkant –* ***Gaan Bergpan toe****.*

**☾ Tue 14 Aug – EVENING MEETING**
**19h00 at Greek Orthodox Church, c/o Roper St. & Lynnwood Road, Brooklyn**

**MEMBERS TAKE NOTE**
**Be advised that due to the nature of the topic of this presentation, it will mostly be presented in Afrikaans, but if you have questions, Morné will gladly answer any questions in English.**

**Standardising of Afrikaans birdnames by Dr Morné de la Rey -** Is it Kolpensies or Robbins or do we call it a Nimmersat in favour of Geelbekooievaar? These are the questions that are asked in the veld. Each bird book with its own translated bird names? Standardising,



makes it easier for writers and translators, especially for birdwatchers in the veld. But how was it done? And why were certain names chosen? Come and listen how the AVNG (Afrikaanse Voëlnaamgroep) managed to deliver a final list, after 15 000 emails and five years of hard work.

***Naamgewing in Afrikaans/Engels deur Dr Morné de la Rey -*** *Is dit Kolpensies of Robbins of noem mens die Nimmersat eerder 'n Geelbekooievaar? Dit is van die vrae wat gevra word in die veld. Elke voëlboek met sy eie vertaalde afrikaanse voëlname? Standardisering, maak dit nou baie makliker vir skrywers en vertalers, maar veral vir voëlkykers in die veld. Maar hoe is dit gedoen? En hoekom is sekere name gekies? Kom luister hoe die AVNG (Afrikaanse Voëlnaamgroep) te werk gegaan het om na 15 000 eposse en vyf jaar se werk, 'n finale lys op te lewer.*

**☼ Sat 18 Aug – Buffelsdrift Rust de Winter**

**Meet / Ontmoet:** 06h30

**Leader / Leier:** Cameron Meyer

☎ 084 504 3124

✉ cameronmeyer2@gmail.com

Buffelsdrift (83 kilometres north east of Pretoria) is a 430 hectare private game farm located adjacent to the Rust de Winter game reserve. The farm's birdlist is around 200 species and is largely due to its varied habitat mix including short-leaved acacia and broad-leaved woodland, riparian thicket (next to the Elands River which runs through the property), rocky slopes and plateaus and a small dam and wetland. The quiet, early morning birder can expect some great scenery and a fairly diverse list of bushveld species. The walk is about 4km and it should not be too strenuous. There is also a variety of mammals which may be encountered including Warthog, Giraffe, Impala, Zebra, Wildebeest, Kudu, Blesbuck, Waterbuck, Red Hartebeest and Inyala.

**Directions:** Take the N1 north from JHB/PTA. Take Exit 205 Rust de Winter/Pienaarsrivier. Turn right at the T-junction and continue on past Rust de Winter NR and Mystic Monkeys. The turnoff to the property is about 25.6km from the T-junction of the offramp from the N1, or 2.5km past the turnoff to Mystic Monkeys (marked by a ginormous metal monkey next to the road - difficult to miss), An old green tractor is parked next to the turnoff to the property. The green gate is about 100m off the road, very visible. Everyone can meet here, whereafter we proceed into the property itself.
A R50 entrance fee is payable.
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Buffelsdrift (83km NE van Pretoria) is 'n 430 hektaar privaat wildsplaas geleë aangrensend aan die Rust de Winter wildsreservaat Die plaas se voëllys bevat ongeveer 200 spesies en dit is te danke aan die groot verskeidenheid van habitatte insluitend kortblaar acacia en breëblaar bosveld rivieroewer bosveld (langs die Elandsrivier wat deur die eiendom loop), rotsagtige hellings en plato's en 'n klein dammetjie en 'n vleiland. Die stil, vroeë oggendvoëlkyker kan 'n groot verskeidenheid natuurtonele en 'n taamlike diverse lys van bosveldspesies verwag. Die roete is ongeveer 4km en behoort nie veel inspanning te verg nie. Daar is ook 'n groot verskeidenheid soogdiere te sien soos vlakvarke, kameelperde, rooibokke, wildebeeste, sebras, koedoes, blesbokke, waterbokke, rooihartbeeste en njalas.*

***Aanwysings***: *Neem die N1 noord vanaf JHB/PTA. Neem Uitgang 205 Rust de Winter/Pienaarsrivier. Draai regs by die T-aansluiting en ry reguit aan verby Rust de Winter NR en Mystic Monkeys. Die afdraai na die eiendom is ongeveer 25.6km vanaf die T-aansluiting vanaf die N1 afrit, of 2.5km verby die afrit na Mystic Monkeys (gemerk deur 'n enorme metaal apie langs die pad – moeilik om te mis). Langs die afrit na die eiendom is 'n ou groen trekker geparkeer. Die groen hek is sigbaar omtrent 100m van die pad af. Almal kan hier ontmoet, en dan gaan almal saam die eiendom binne. 'n R50 toegangsfooi is betaalbaar.*
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

**☼ Sun 26 Aug – MAGALIESBERG**
**Xanadu Nature Estate**



**Meet / Ontmoet:** 07h00 – **Ontmoet by hek 1**

**Leader / Leier:** Willie Froneman

✉ willie.froneman@gmail.com

The beautiful Xanadu Nature Estate in Harbeespoort, is set on 240 hectares and overlooks the majestic Magaliesberg Mountain range. A natural wetland runs through the estate and the estate is hone to over 280 different bird species and there are various bird hides on the estate. These provide a tranquil environment from where to observe the bird activity.

**Directions:**
All meet at Gate 1 of the Xanadu Estate. Xanadu is situated on the main road R511, which connects Johannesburg with Brits. There are 2 entrance gates, Gate 1 and Gate 2. Gate 2 is right across from the Jasmyn shopping centre with the big Dutch windmill. We meet at Gate 1 which is at the robot at the CALTEX service station, 150 m from the robot.
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Die pragtige Xanadu Natuurlandgoed in Harbeespoort, is geleë op 240 hektaar en kyk uit op die majestueuse Magaliesbergreeks. 'n Natuurlike vleiland loop deur die landgoed en die landgoed is die tuiste van meer as 280 verskillende soorte voëls en daar is verskeie voëlskuilings op die landgoed. Dit voorsien 'n vreedsame omgewing vanwaar die voëls se aktiwiteite waargeneem kan word.*

***Aanwysings:*** *Ons ontmoet by Hek 1 (een) van die Xanadu Landgoed. XANADU is gelee op die hoof roete R511, wat Johannesburg met Brits verbind. Daar is 2 ingangshekke, Hek 1 en Hek 2. Hek 2 is regoor die JASMYN winkel kompleks met die Groot Hollandse windmeul,* ***Ons ontmoet by Hek 1*** *wat by die robot by die CALTEX brandstof diensstasie is; 150m vanaf die robot.*
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

| ☼ Wed 29 Aug – Vlaklaagte |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 06h00 |
| **Leader / Leier:** Toni Geddes |
| ☎ 072 636 5774 |
| ✉ tkbirding@gmail.com |

The grasslands around Vlaklaagte and Renosterkoppie are extremely productive and very rewarding. Southern Bald Ibis, Secretarybird, Jackal Buzzard, Coqui, Orange River, Red-winged Francolin, Blue Crane, Denhams Bustard, White-bellied Korhaan, Buff-streaked Chat, Wailing Cisticola and Fawn-coloured Lark all call them home and there is even a slight possibility of connecting with some early returning migrants which may include the likes of Short-tailed Pipit as well as some local species beginning to warm up their displays for the fast approaching breeding season: Cloud, Wing-snapping, Desert and Zitting Cisticola and Melodious Lark to name a few. Let's prep ourselves for the oncoming start of Spring and wrap up Winter in style!
**Directions**: From the N1-N4 Junction, travel 50 km east towards Bronkhorstspruit and take the R25 offramp. Turn left (north) towards Groblersdal. After 25 km turn right towards Zusterstroom (also signposted 'Amanzintaba'). **Meet here!** (Most of the route is on good gravel roads).
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Die grasvelde rondom Vlaklaagte en Renosterkoppie is uiters produktief en baie lonend. Kalkoenibis, Sekretarisvoël, Rooiborsjakkalvoël, Swempie, Kalaharipatrys, Rooivlerkpatrys, Bloukraanvoël, Veldpou, Witpenskorhaan, Bergklipwagter, Huiltinktinkie en Vaalbruinlewerik is almal hier tuis en daar is selfs 'n skraal kans om sommige van die vroeg terugkerende trekvoëls te sien, wat kan insluit kortstertkoester sowel as sommige plaaslike spesies wat hulle pronkery begin opwarm vir die broeiseisoen wat vinnig aan die kom is: Gevlekte Klopkloppie, Kleinste Klopkloppie, Woestynklopkloppie, Landeryklopkloppie en Spotlewerik om maar net 'n paar te noem. Kom ons berei ons voor vir die begin van die lente en voltooi die winter in styl.*
***Aanwysings****: Vanaf die N1-N4 aansluiting, ry 50km oos na Bronkhorstspruit en neem die R25 afrit. Draai links (noord) na Groblersdal. Na 25km draai regs na Zusterstroom (ook aangedui as 'Amanzintaba').* ***Ontmoet hier!*** *(Grootste deel van die roete is op goeie gruispaaie).*
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

# SEPTEMBER / SEPTEMBER

| ☼ Sat 01 Sep<br>Strubendam & Faerie Glen NR |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Rihann Geyser |
| ☎ 084 293 6128 |
| ✉ avifauna@galagoenvironmental.co.za |
| **SABAP2 Pentad:** 2545_2815 |

We will be visiting two reserves today. Firstly, we will meet at Strubendam (directions below). Thereafter, we will meet at the Faerie Glen NR for the rest of the morning's birding. An entrance fee is payable.
Adults 13 years and older per person (R11pp), Schoolchildren: 7 - 12 years (R6pp), Pre-schoolchildren 0 - 6 years, and Pensioners 60 years and older (free) There are toilet facilities at the gate. The reserve is well-known for good summer and winter birding with several interesting species regularly present. Black Duck, Red-throated Wryneck and Brown-backed Honeybird have been seen before.

**1. Directions to Strubendam**
Take the Atterbury turn-off from the N1 to the east. Turn left into Ingersol Road and then left into Ilkey road. Turn right into Innes Road.. The main gate is on the right –hand side.

**2. Directions to Faerie Glen NR**
From the N1, take the Atterbury turn-off to the east. At January Masilela (Genl Louis Botha) Avenue turn left and follows the directions to the reserve. The reserve will be on your right hand side just after Glenwood Road.
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Ons besoek twee areas vandag. Eerstens sal ons ontmoet by Strubendam (aanwysings hieronder), en daarna sal ons na die Faerie Glen NR gaan vir 'n heerlike oggend van voëlkyk. 'n Toegang is betaalbaar en daar is toiletfasiliteite by die ingang. Die natuurreservaat is bekend vir sy winter- en somervoëls wat gereeld gesien word bv Swarteend, Draaihals en Skerpbekheuningvoël.*

***1. Aanwysings na Strubendam***
*Neem die Atterbury afrit vanaf die die N1 na die ooste. Draai links in Ingersolweg en dan links in Ilkeyweg. Draai regs in Innesweg. Die hoofhek is aan die regterkant.*

***2. Aanwysings na Faerie Glen NR***

*Vanaf die N1/N4 wisselaar, ry suid op die N1. Neem die M11 Atterbury-afrit en draai links in Atterburyweg. Ry verby die Menlyn-winkelsentrum en draai links in January Masilela-rylaan (ou Genl Louis Botha) – 1km verder is die reservaat se bordjie op regterhand.*

***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

| ❍ **Sat 1 Sep – Bird Ringing at Strubendam** |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** To be confirmed at RSVP |
| **Leader / Leier:** Johan Muller |
| ☎ 082 373 3124 |

Join the ringers for a morning of extreme close up birding without binoculars. Bring your chair, hat, refreshments and birding books along. Please book your place before Friday 12h00 by SMS, so that the leader can notify you if the outing needs to be cancelled. Ringing sessions could be cancelled due to a sudden change in weather like rain or strong wind. **The handling of nets and birds may only be done by a qualified ringer.**

*Sluit aan by die ringers vir 'n oggend se leersame pret. Kom kyk hoe lyk die voëltjies van naby sonder 'n verkyker. Bring 'n stoel, hoed, voëlboeke en verversings saam. Bespreek asb. voor Vrydagmiddag 12h00 jou plek per SMS sodat die leier jou in kennis kan stel as die uitstappie dalk gekanselleer word. Dit gebeur soms dat die ringsessie afgestel moet word a.g.v. skielike weersveranderinge soos reën of sterk wind.* ***Die hantering van nette en voëls mag slegs deur 'n gekwalifiseerde ringer gedoen word.***

**SPECIAL EVENT: 8 & 9 Sep**

## THE AFRICAN BIRD FAIR

**Walter Sisulu Botanical Garden**

Enquiries: secretary@blng.co.za

Everything you expect of a Bird Fair, but with the "Ajabu" of Africa. Details will be shared through a BLNG Alert and BLSA Website.

**☾ Tue 11 Sep – EVENING MEETING**
**19h00 at Greek Orthodox Church, c/o Roper St. & Lynnwood Road, Brooklyn**

**'An Atlantic Island Odyssey' onboard the MS Hebridean Sky by Lia Steen**



Lia Steen will be presenting an overview of her 9-day adventure cruise through the Outer Hebrides, Faroe Islands, Shetland and Orkney Islands as well as the Isle of Skye. This is not just about birdwatching, as scenery and culture is also thrown in.

***'n Bootvaart Avontuur deur Lia Steen***

*Lia Steen gaan haar ervarings deel oor 'n bootvaart wat sy onderneem het tussen die Outer Hebrides eilande, Faroe Eilande, Shetland en Orkney en 'n kort besoek aan Isle of Skye. Hierdie praatjie gaan nie net oor voëls nie maar ook die kultuur en skoonheid van die eilande*

*.*

| ☼ **Sun 16 Sep** **Vaalkop Dam NR with boat trip extension** |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 07h00 |
| **Leader / Leier:** Etienne Marais |
| ☎ 082 898 6998 |
| ✉ etimar70@gmail.com |

Vaalkop Dam NR is almost 4000ha in extent and includes a 800ha section known as the North-West Bird Sanctuary. Vaalkop Dam is a legendary birding venue, which for many years was off limits due to the building activities at the Dam itself. It offers a variety of wetland, woodland and shorebird species, with a reputation for regular rarities. For a limited number of participants, there will be an optional extension, involving a boat cruise on the lake (R300 per person). This will provide an opportunity to look for African Skimmer and better see the variety of waterbirds and waders are often found at Vaalkop. Even without the boat trip, the day should produce well over 100 species. Bookings for the boat trip are on a first come first served basis, and will only be confirmed after payment at R300pp

**Two boat trips are planned. The numbers are limited to 14 pax for both boat trips:**

**1. 13h30 – 15h30**

**2. 15h45 – 17h45**

**Directions**: To reach Vaalkop take the R511 road north from Brits for 35km to a sign indicating

Beestekraal (Sun City/Rustenburg). Turn left just after the railway bridge and continue 4km to the T-junction, where you turn right towards Vaalkop Dam. Travel a further 11km and then turn left towards Magalies Water Project complex and the reserve gate which is opposite the Water Complex.
**An entrance fee is payable.**
Braai facilities are available.
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Alhoewel besoekers daarvan hou om vis te vang by Vaalkopdam, is hierdie 3996ha natuurreservaat pasgemaak vir voëlkykers. 'n Indrukwekkende voëllys is oor die jare opgebou. 'n 800ha gedeelte van die reservaat is eenkant gesit as 'n voëlreservaat. Vaalkopdam is legendariese vir voëlkyk, maar was jare lank ontoeganklik as gevolg van bou aktiwiteite aan die dam self. Dit bied 'n verskeidenheid van vleiland-, bosveld- en oewerspesies, met skaars soorte wat gereeld gesien word. Vir 'n beperkte aantal deelnemers sal daar 'n opsionele bootrit wees (teen R300 per persoon). Eerste aansoekers kry voorkeur, en plek sal bevestig word na die betaling ontvang is.*
***Twee bootritte word beplan: Getalle is beperk tot 14 persone vir beide bootritte.***
***1. 13h30 – 15h30***
***2. 15h45 – 17h45***
***Aanwysings**: Om Vaalkop te bereik neem die R511 pad noord van Brits vir 35 km tot by 'n padteken wat Beestekraal aandui. Draai links en hou aan vir 4km tot by 'n bord wat Vaalkopdam aandui aan die regterkant. Ry 'n verdere 11km tot by die ingang na die Vaalkopdam en Magalies Waterprojek kompleks op linkerkant. Ry verder tot by die reservaat se ingang en damwal.*
*'n Ingangsfooi is betaalbaar.*
*Braaigeriewe is beskikbaar.*
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

| ☼ Wed 19 Sep – Marievale Bird Sanctuary |
|---|
| **Meet / Ontmoet**: 6h30 |
| **Leader / Leier:** Bryan Groom |
| ✉ reservations@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad(s):** 2620_2830, with a small portion in 2615_2830 |

This sanctuary falls within the Blesbokspruit wetland and is a special venue for waterbirds. It regularly produces rarities such as Spotted Crake and Slaty Egret. Other specials include African Crake, African Rail, Great Crested Grebe, Greater Painted Snipe, Red Chested Flufftail and a number of others.
**Directions:** Take the N1 Rigel off ramp and travel eastwards on the R50 for 64.5km passing Delmas on the way. Turn right on the R42 to Nigel (no route marker). (This turn off is more or less 4km past Delmas.) Go on for 31.8km and turn right at the Marievale sign and travel for another 3.8km to the Picnic Spot. **Meet here**!
Total distance is 100km (1½ hour's drive).
GPS coordinates: S26°21.456 E28°30.935.
**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Die reservaat is spesiaal in terme van watervoëldiversiteit en word omring deur die Blesbokspruitvleiland. Ongewone en spesiale voëlspesies word gereeld daar waargeneem en sluit in Gevlekte Riethaan, Rooikeelreier, Afrikaanse Riethaan, Grootriethaan, Kuifkopdobbertjie, Goudsnip, Rooiborsvleikuiken, en vele meer.*
***Aanwysings:*** *Vanaf die N1 neem die Rigellaan-afrit en ry ooswaarts op die R50 vir 64.5km verby Delmas. Draai regs op die R42 na Nigel (geen roete-aanduiding). (Hierdie afdraai is ongeveer 4km vanaf Delmas.) Ry reguit aan vir 31.8km en draai regs by die Marievale-bord. Ry vir nog 3.8km tot by die piekniekplek.* ***Ontmoet hier****!*
*Totale afstand is 100km (1½ uur se ry).*
***Besprekings:*** *reservations@blng.co.za*

| **SPECIAL EVENT: 21 Sep – 01 Oct**<br>**BOTSWANA & CAPRIVI**<br>**4x4 VEHICLES REQUIRED** |
|---|
| **Leader / Leier: Dawie Rotteveel** |
| Enquiries: reservations@blng.co.za |

Another visit to a very special place, **BOTSWANA and the CAPRIVI PANHANDLE!**
The team is putting together a fabulous event including both camping and chalet accommodation. If you are looking for somewhere "off the beaten track", this is your chance! Boat rides on the Chobe, Zambezi and Okavango Rivers will be included. Costs have not been finalised yet but will be in the order of R9 000pp for chalet accommodation, and R3 000pp for camping. Food and drinks are not included. The group will be **limited to 16 members** and will be under the guidance of accomplished birder, Dawie Rotteveel. Consider joining us on this exciting camp. If you are keen, answer to reservations@blng.co.za and your name will be added onto the list.
**Once final arrangements have been made you will be informed of the exact cost and deposit requirements.**

***BOTSWANA en die CAPRIVI STROOK***
*Hier is 'n wonderlike geleentheid om die Caprivi strook en Botswana te besoek. Dawie Rotteveel, is 'n gesoute voëlkyker en sal die leiding neem. Saam gaan ons daardie gebied verken en sy spesiale voëls soek. Bootritte sal ook gereël word op die Chobe, Zambezi en Okavango Riviere. Akkommodasie word in chalets bespreek asook kampering. Die geskatte kostes is in die lyn van*

*R9 000pp vir chalet akkommodasie, en R3 000pp vir kampering. Kos en drinkgoed is nie ingesluit nie. **Die groep word tot 16 lede beperk**. Maak gebruik van die geleentheid om saam met 'n kenner hierdie wonderlike wêreld te verken. As jy sou belangstel, stuur 'n epos aan reservations@blng.co.za waarna jou naam op die lys geplaas sal word.*
***Sodra die reëlings gefinaliseer is, sal die kostes en deposito vereistes meedeel word.***

| ☼ Sat 22 Sep – Rooiwal Water Care Works |
|---|
| **Numbers are limited to 25 members**<br>***Getalle is beperk tot 25 lede*** |
| **Meet / Ontmoet:**<br>06h45 until more or less 13h00 |
| **Leader / Leier**: Neithard Graf von Dürckheim |
| ☎ 083 233 0266 |
| ✉ NeithardGrafD@worldonline.co.za |
| **SABAP2 Pentad:** 2530‒2810 |

**What can be seen:**
Rooiwal Waste Water Treatment Works is a little birding treasure, where one can observe a good variety of birds close to Pretoria. Don't let the "organic odour" worry you. We will walk along the ageing dams. Many water birds can be seen; a variety of ducks, such as Knob-billed Duck, grebes, teals, geese, but also waders (sandpipers, such as Wood-, Marsh-, Green Sandpipers, plovers such as Wattled Lapwing, Ruff), herons, Greenshank, Grey-headed Gull, from Stonechats to specials like Yellow Wagtail, Amur Falcon and Northern Black Korhaan.

**Please note**: CAMERAS WILL BE PERMITTED BUT ONLY TO PHOTOGRAPH BIRDS – NO PHOTOS OF ANY OF THE INSTALLATIONS.
**What to bring:** Good walking shoes, hat, sunscreen, binoculars and bird book, spotting scope (if you have), breakfast and coffee, and a chair.

**Directions:** N1 highway to Polokwane (previously Pietersburg), from Sefako Makgatho (formerly Zambezi) Road off-ramp, distance is 22.7km. Take the N1 North, pass Stormvoël Road and Sefako Makgatho (formerly Zambezi) off-ramps, pass N4 turnoff, go through Pumulani tollgate → take off-ramp Wallmansthal/Pyramid (Exit 163) this is 11.7km from Zambezi Road. Go through tollgate at end of off-ramp → turn LEFT, direction Pyramid R101 and proceed for 4.6km, reach T-Junction (old Warmbad Road) → turn RIGHT direction Warmbad/Bela-Bela / Hammanskraal R101, proceed for 2.0km → turn RIGHT to Soshanguwe/Winterveld M39, proceed for 1.1km, road does a LONG LEFT CURVE over bridge, → Turn LEFT at white sign ROOIWAL, proceed 100m → stop sign turn RIGHT, proceed 1.7 km on narrow tar road (pass Rooiwal Power Station on your left) → after 1.7 km turn LEFT into access road to Rooiwal Water Care Works → GPS Coordinates S 25° 33' 23.7" and E 28° 13' 39.5" → **WAIT HERE, this is the meeting point, we will drive in together as one requires a permit, which the leader has obtained.**
**Bookings at reservations@blng.co.za are essential.**

***Wat kan gesien word:***
*Rooiwal Watersuiweringswerke is 'n klein skatkis vir voëlkykers, waar 'n groot verskeidenheid voëls digby Pretoria te sien is. Moenie dat die "organiese" reuk jou pla nie. Ons sal langs die verouderingsdamme stap. Baie watervoëls soos verskillende soorte eende (Knobbel- en Teeleende), dobbertjies, ganse, asook waadvoëls (ruiters soos Bos-, Witgat-, Moeras- en Groenpootruiters), reiers, Gryskopmeeue en Lelkiewiete kan gesien word. Bontrokkies en spesiale voëls soos die Geelkwikkie, Oostelike Rooipootvalk en Witvlerkkorhaan kom voor.*

***Let wel:*** *KAMERAS WORD TOEGELAAT, MAAR NET OM VOëLS AF TE NEEM – GEEN FOTOS VAN DIE AANLEG NIE.*
***Wat om saam te neem**: Goeie stapskoene, hoed, sonskerm, verkyker en voëlboek, teleskoop (as jy een het), ligte ontbyt, koffie en 'n stoel.*

***Roetebeskrywing**: Neem die N1 in die rigting van Polokwane (voorheen Pietersburg). Vanaf die Sefako Makgatho-afrit (ou Zambezi), ry 11.7km, gaan verby die N4 afdraai, gaan deur die Pumulani tolhek, → neem die afrit Wallmansthal/Pyramid. Gaan deur die tolhek aan die einde van die afrit → draai LINKS, in die rigting Pyramid R101 en ry 4.6km tot by die T-aansluiting (ou Warmbadpad) → draai REGS rigting Warmbad/Bela-Bela/Hammanskraal R101, ry nog 2km → draai REGS na Soshanguw / Winterveld M39, ry 1.1km, pad maak 'n LANG DRAAI NA LINKS oor brug, → draai LINKS by 'n wit bord ROOIWAL, ry 100m → by stopteken draai REGS, ry verder vir 1.7km. op 'n nou teerpad (gaan verby die Rooiwal Kragstasie op linkerhand) → na 1.7km draai LINKS – dit is die toegangspad na die Rooiwal Suiweringswerke →
GPS Koördinate S25°33'23.7" en E28°13'39.5" →*
***WAG HIER voor Rooiwal se hek sodat ons almal saam kan inry, aangesien die leier in besit is van die toegangspermit.***
***Dit noodsaaklik om per e-pos by reservations@blng.co.za te bespreek.***

| ☼ Sat 29 Sep – Colbyn Wetland<br>NEW MEMBERS' FAMILY OUTING |
|---|
| **Meet / Ontmoet:** 6h00 |
| **Leader / Leier:** Philip Calinikos incl. other BLNG Committee member(s) |
| ☎ 082 602 1346 |
| ✉ conservation@blng.co.za |
| **SABAP2 Pentad(s):** 2540_2815 |

Although everyone is welcome at this outing, we'd like to extent a special warm welcome to all our **new members** during this outing. Come along and meet some of the BLNG committee members, as well as our regular members. We also plan a light bring & braai for lunch at the Colbyn Scout hall.

The Colbyn Wetland Nature Reserve has as its focal point the wetland that surrounds the Hartebeesspruit adjacent to the suburbs of Colbyn and Hatfield. The wetland also contains an ancient peatland and is bordered on its northern side by quartzitic ridges. This varied habitat supports many bird species and has in the past been a favourite bird ringing venue for our club. Over 140 species have been recorded in and around the wetland. The Friends of Colbyn Valley has been established to assist with the conservation of the area and this will be an opportunity for us to assist them with the updating of the bird list for the area. Recent additions to the list have been Orange-breasted Waxbill, Half-collared Kingfisher and Marsh Owl. The outing will primarily involve walking in the wetland and along the Hartebeesspruit. We will meet at the northern section of the wetland where there is secure parking.

The Experimental Farm at Tukkies supports some grassland species such as Swainson's Spurfowl, African Pipit, Cape Longclaw, White-winged Widowbird, Common Fiscal and Zitting Cisticola. Several unusual species have been recorded e.g. Abdim's Stork and Grey Crowned Crane (the latter possibly a visitor from Austin Roberts). Strubenkop is home to African Grey Hornbill, Bar-throated Apalis, White-throated Robin-Chat, Brown-backed Honeybird and Southern Boubou. Raptors often soar along the contours.

**Directions**: Turn north into Kilnerton Road out of Stanza Bopape Street (formerly Church Street). Travel past the Colbyn Golf Park and Bowling Club and **meet at** the Colbyn Scout Hall.

**Bookings at** reservations@blng.co.za

*Alhoewel almal welkom is by hierdie uitstappie, wil ons graag al ons **nuwe lede** hartlik by hierdie uitstappie verwelkom. Kom saam en kom ontmoet sommige BLNG komiteelede asook ons gereelde klublede. Ons beplan ook 'n ligte bring en braai vir middagete by Colbyn Scoutsaal. Die Colbyn Vleiland Natuurreservaat het as sy fokuspunt die vleiland wat die Hartebeesspruit omring aangrensend aan die voorstede Colbyn en Hatfield. Die vleiland bevat ook 'n ou veenland en word aan sy noordekant begrens deur kwartsietriwwe. Hierdie variërende habitat onderhou baie voëlspesies en was in die verlede 'n gewilde voëlringplek vir ons klub. Meer as 140 spesies is aangeteken in en rondom die vleiland. Vriende van die Colbynvallei is gestig om die bewaring van die area te ondersteun en hierdie sal 'n geleentheid vir ons wees om hulle by te staan met die opdatering van die voëllys van die gebied. Onlangse byvoegings tot die lys is spesies soos die Rooiassie, Blouvisvanger en Vlei-uil. Die uitstappie sal hoofsaaklik bestaan uit stap deur die vleiland en langs die Hartebees- spruit. Ons sal by die noordelike deel van die vleiland ontmoet, waar daar veilige parkering is.*

*Die Proefplaas by Tukkies onderhou grasveldspesies soos die Bosveldfisant, Gewone Koester, Oranjekeelkalkoentjie, Witvlerkflap, Gewone Laksman en Landeryklopkloppie. Verskeie ongewone spesies is opgeteken bv. Kleinswartooievaar en Mahem (laasgenoemde moontlik 'n besoeker vanaf Austin Roberts). Strubenkop is die tuiste van die Grysneushoringvoël, Bandkeelkleinjantjie, Witkeeljanfrederik, Skerpbekheuningvoël en Suidelike Waterfiskaal. Roofvoëls sweef dikwels met die kontoere langs.*

***Aanwysings**: Draai noord in Kilnertonweg vanuit Stanza Bopapestraat (voorheen Kerkstraat). Ry verby die Colbyn Gholfpark en Rolbalklub en **Ontmoet by** die Colbyn Scout Saal.*

***Besprekings:** reservations@blng.co.za*



## FORTHCOMING EVENTS




| |
|---|
| Bona Thaba, Thabazimbi<br>09-11 November<br>with Neithard Graf von Dürckheim |
| Birding Big Day<br>24 November 2018 |
| Birding BIG day |

### Note

Please ensure you keep in touch through email Alerts (is your latest email address recorded with BLNG?), BLNG Facebook and BLNG Website (see detailed calendar) to confirm club outings, and possible program updates!






**BirdLife Northern Gauteng**
YOUR BIRDING PARTNER OF CHOICE

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

**Cut and email to sheleph@blng.co.za**

## PLEASE PROVIDE BLNG WITH YOUR CAMP IDEAS & SUGGESTIONS

| | |
|---|---|
| **Jan-19** | KNP Raptor course by Joe Grossel |
| **Feb 19** | Memel with Andre Marx |
| **Mar-19** | Pullen Lodge with Philip Calinikos |
| **Apr-19** | |
| **May-19** | |
| **Jun-19** | |
| **Jul-19** | |
| **Aug-19** | |
| **Sep-19** | |
| **Oct-19** | |
| **Nov-19** | |
| **Dec-19** | |

**Cut and email to sheleph@blng.co.za**

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _



## ADDITIONAL INFORMATION

### How to make a booking
All camps, courses and special events must be booked with our club secretary, Rita de Meillon at reservations@blng.co.za
or telephone: 012 807 4002.

### ❍ Bird Ringing
Ringing starts at dawn and usually lasts until about midday on the first Saturday of each month. Everyone welcome, please RSVP with the leader.

### ☾ Evening Meetings
Usually held on the 2nd Tuesday of each month starting at 19:00. Afterwards tea is served – donations welcome. All meetings are held at the Greek Orthodox Church, Roper Street.

### ☼ Day Outings
We start early so bring along a breakfast basket, something to drink and a chair. Braai facilities are available at certain venues. Entrance fees are sometimes payable.

### Weekend Camps
Accommodation ranges from basic camping to fairly luxury accommodation. Full payment is required to confirm your booking. Payments should be made by direct transfer or deposit with your surname as reference. Please do not make any deposits without first booking with the club secretary. Bookings and enquiries should preferably be made via email. Please bring firewood or charcoal along to every camp.

### SABAP2 pentads
Mapping the distribution and abundance of birds in South Africa, Lesotho and Swaziland.
For additional information please visit the SABAP2 website at: **http://sabap2.adu.org.za/**

### Accessibility
Almost all venues have dirt roads, which are usually accessible with normal sedan vehicles. Often birding is on foot. Comfortable walking shoes are advisable.

### Junior Birders
Families are welcome at all outings.

### Non-members
Non-members accompanied by members are always welcome. For weekend outings and courses, an administration fee of **20%** of the camp costs are payable.

## BYKOMENDE INLIGTING

### Hoe om te bespreek
Alle besprekings vir kampe, kursusse en spesiale geleenthede moet asb. by Rita de Meillon, ons klubsekretaresse gemaak word by reservations@blng.co.za of telefoon 012 807-4002.

### ❍ Voëlberinging
Voëlberinging begin teen sonop en duur tot vroegmiddag, gewoonlik die eerste Saterdag van elke maand. Bespreking by die ringleier is nodig.

### ☾ Aandbyeenkomste
Word gewoonlik gehou op die 2de Dinsdag van elke maand om 19:00. Tee word na die vergadering bedien – donasies welkom. Die vergaderings word by die Grieks Ortodokse Kerk in Roperstraat gehou.

### ☼ Daguitstappies
Ons begin gewoonlik vroeg, so bring ń ontbytmandjie, iets om te drink en 'n stoel saam. Braaigeriewe is by party plekke beskikbaar. Toegangsfooie is soms betaalbaar.

### Naweekkampe
Akkommodasie wissel van basiese kampering tot redelike luukse akkommodasie. Volle betaling word verlang om sodoende besprekings te bevestig. Betaling moet deur direkte oorplasing of deposito gemaak word met jou van as verwysing. Moet asb nie betaal voordat jy dit met die klubsekretaresse bespreek het nie. Besprekings en navrae moet verkieslik d.m.v. e-pos geskied. Bring asseblief hout saam na elke kamp.

### SABAP2 atlasblok
Kartering van die verspreiding en ryke verskeidenheid van voëls in Suid-Afrika, Lesotho en Swaziland. Vir addisionele inligting besoek asb die SABAP2-webtuiste by: **http://sabap2.adu.org.za/**

### Toeganklikheid
Omtrent al die voëlkykplekke is op grondpaaie, wat toeganklik is met normale sedanmotors. Voëlkyk word meestal per voet gedoen. Ons beveel gemaklike stapskoene aan.

### Junior Voëlkykers
Gesinne is altyd welkom by uitstappies.

### Nie-lede
Nie-lede wat 'n lid vergesel is altyd welkom om enige geleentheid by te woon. Naweekkampe se administrasiefooie is **20%** van die kampkostes.

**Greek Orthodox Church / Griekse Ortodokse Kerk**
**Directions for evening meetings : Greek Orthodox Church, corner of Roper Street and Lynnwood Road, Brooklyn. It is across the road from University of Pretoria. Entrance is from Roper Street. Limited parking if the entrance is used in Brooks Street.**
**Aanwysings vir aandbyeenkomste :**
**Griekse Ortodokse Kerk, hoek van Roperstraat en Lynnwoodweg, Brooklyn. Dit is oorkant die straat van die Universiteit van Pretoria. Ingang is vanaf Roperstraat. Daar is beperkte parkering as die ingang wat in Brooksstraat geleë is gebruik word.**